kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Kyk deur 'n splinterruit"

Skriflesing: Handelinge 16:1-15

Broodjies vir die pad

My choices, including those related to the day-to-day aspects of life, like the use of a modest car, are related to a spiritual discernment that responds to a need that arises from looking at things, at people and from reading the signs of the times. Discernment in the Lord guides me in my way of governing. (Pope Francis)

Love and compassion don't at all have to make us weak, or lead us to losing discernment and vision. We just have to learn how to find them. And see, in truth, what they bring us. (Sharon Salzberg)

◆◆◆

Parys

ek is in die grys donkerte afgevoer
in die ingewande van jou terminaal
met 'n pyp langs gesluk in 'n bus uitgespoeg
ek het deur tonnels geslinger in jou
rasende moltrein in 'n breë straat daglig aanskou
my tas agter my aangesleep

ek het in notre dame die mis beleef
die orrel gehoor pragtige sang en die hele gedoe
met wierook u woord in twee tale
en die hostie droog op my tong tussen duisende
pelgrims nuuskieriges toeriste en 'n sakkeroller of twee
my hoof gebuig en die oomblik beleef
swaar en dik en heilig of iets
ek weet nie meer wat

ek het motors om jou arc sien jaag
wonderbaarlik sonder om te bots met die champs
elyssee langs geslenter die winkels aangegaap
jou obelisk beskou van egipte gesteel tot eer
van die Franse Republiek en ek het macdonalds geëet
tot my skande maar darem goedkoop

ek het jou vroue bewonder donker
en sensueel in lang toue verby jean cocteau
se werk gestrompel vol onbegrip
hier en daar gesigte begin herken
'n beeldskone blondine oorkant die straat sien loop

in d'orsay het ek in die hoë lig
langs manet en monet en toulouse lautrec afgestap
olympia se smeulende blik probeer ontwyk
my in jou grotte ingewaag waar monsters knarsend
op staalspore om die draai in die donker wegraak

ek het onder die eiffel gestaan sy fondasies
bewonder sy dik staalbalke langs
die fonteine wat wit in jou sonlig spuit
gesinne verby sien rollerblade 'n arabier
wat poskaarte vir vier euro verkoop

ek het in les halles beangs na my perron gesoek
deur 'n golf jasse meegesleur aan my tas bly klou
verward na die regte trein gevra my rug amper
teen die muur 'n droë toebroodjie probeer sluk

een in die hoek se oog vlugtig gevang
nog een se handjie was klein toe ons groet
o ja bruin uiesoep soos 'n werker geëet
en 'n oester ook maar die res alles vergeet

© Hein Viljoen / 2016

http://versindaba.co.za/2016/04/25/hein-viljoen-parys/

◆◆◆

"If an audience kept complete silence during a challenge parable from Jesus and if an audience filed past him afterward saying, 'Lovely parable, this morning, Rabbi,' Jesus would have failed utterly."

— John Dominic Crossan, The Power of Parable: How Fiction by Jesus Became Fiction about Jesus

"On the one hand, the seventeenth- and eighteenth-century European Enlightenment (that's a metaphor, by the way) correctly "enlightened" us on the necessity of observation and experimentation in the physical sciences and the value of reason and debate, proof and repetition in science and technology. In that process, the dead hand of inquisitional power and the cold gaze of ecclesiastical control were removed from spheres about which they knew too little and claimed too much. That was a magnificent achievement and must always be appreciated as such.

On the other hand, the Enlightenment also dramatically "endarkened" us on metaphor and symbol, myth and parable, especially in religion and theology. We judge, for example, that the ancients took their religious stories literally, but that we are now sophisticated enough to recognize their delusions. What, however, if those ancients intended and accepted their stories as

metaphors or parables, and we are the mistaken ones? What if those pre-Enlightenment minds were quite capable of hearing a metaphor, grasping its meaning immediately and its content correctly, and never worrying about the question: Is this literal or metaphorical? Or, better, what if they knew how to take their foundational metaphors and stories programmatically, functionally, and seriously without asking too closely about literal and metaphorical distinctions?

We have, in other words, great post-Enlightenment gain, but also great post-Enlightenment loss."

— John Dominic Crossan, The Greatest Prayer: A Revolutionary Manifesto and Hymn of Hope

Brood vir die pad

Hoe blinder hoe beter siener

Ronel Nel

Ek het ’n blinde vriend.

Ek vermoed ons almal het, op watter vlak ook al. Hetsy in politiek, ’n wêreldbeskouing of emosioneel.

Maar hierdie man is werklik en fisiek on-sien-de.

’n Week nadat ekself twee oogoperasies gehad het (katarakte, lensvervangings, ensovoorts), kom hy en sy wonderbare wyfie Sondagmiddag by ons. Ek en sy deel dieselfde naam, en elke keer as hy sê “Ronellie”, sit ons albei dadelik op aandag. Hoe kan ons help? Wat mag, of moet, ons doen? Want, verstaan, hy is bewustelik baie onafhanklik. Trots so, met reg. Maar daar is sekere goed wat siende mense steeds mee moet help, soos om hom deur die doolhof van ’n ewig veranderende landskap te lei. Al is dit net badkamer toe.

Hy aanvaar jou arm, loop versigtig agter jou aan en volg die kontoere van trappe, hoeke en meubels. Net een keer, dan ken hy die pad. Jare se donkerte het vir hom ’n unieke roete uitgelê.

En ten tyde van die intense bewussyn van sy blindheid, kon ons eters om die tafel, niémand, ophou praat oor my dêmmitse operasies nie. Want nou kan ek, vir die eerste keer in amper 30 jaar, sién. Ek kan selfs die naambordjies vir strate vanaf minder as vyf meter lees en het opgemerk dat ons *ceiling* werklik ’n nuwe laag verf benodig. Ek leef nou al tien jaar onder daai dak, en selfs met my bottelboombril het ek nooit gesien hoe verweer dit is nie.

Ek moet nou wel ’n leesbril dra, sommer ’n Clicks-ene, maar my lewe het verander. Skielik is die aardbol in HD-kleur, boektitels spring uit die rak uit en die fyn omlyning van my poolhond se ligblou oë laat my verwonderd.

Skielik sien ek krake in die muur en sien ek die triptiek van my drie honde se wit,
wit tande.

Skielik sien ek hoe deurmekaar my kombuis is, en hoe georden my man se kitaarbou-tafel is. Sien ek hoe ons ’n skommellewe bymekaar gesit het om ’n onvervreembare liefdesfront te vorm.

Skielik voel ek, selfsugtiglik, vry. Ek sien sommer weer ’n toekoms ook.

Maar ondanks my nuwe vryheid het niks my nog ooit so gevang soos daai ete saam met my blinde vriend nie.

Al waaroor ons almal kon praat, onwillekeurig en onwetend wreed, was oor flieks, boeke, landskappe en foto’s. Alles sien-goed.

En hy het daar gesit. Geglimlag en heeltyd, selfloos, saam-gepraat.

Hoe mooi is die heuwels van Natal. Hoe mooi die Bolandse berge.

Hoe mooi is die Karoo in die herfs, die somer en die winter.

Hoe lieflik lyk die sonsondergange vanaf ons klein stoepie in die Moot, veral in lentetyd.

Ons skram nie weg van woorde soos “sien”, “kyk”, “lees” en “visie” nie. Want hy’s mos sterk, en skrum self teen sy onding.

En skielik, dwarsdeur ons wetens en vertellings, sê hy: “Daar agter skree ’n kwêvoël. Hoor julle dit?”

Stilte. Ons luister.

Maak selfs ons oë toe om te fokus. Kwêêêê! krys die voël.

In die skemer sing Ry Cooder oor verlore vlaktes en vergange liefdes. Daar is ’n geskarrel van twee nuwe klein katjies wat met ’n balletjie papier speel, Messi-styl.

Skielik hoor ons hoe ritsel die blare in die ligte voorherfswind.

Skielik sien ek, toeoog, die kuiermense wat hul name op ons kombuistafel uitgekerf het. Daar is my Mia, sy was toe nog 16, en nou is sy al ’n vrou van 23. Daar is Neil, hy wat nou oorsee sit en naam maak. Daar is my boeta Wilkie, ook vir altyd oorsee, maar steeds helder in my hart en geheue.

Daar is ’n hele ongesiene familie van vriende en gesin op die hout wat skielik helder voor my opdoem. Hier is Kai, voel ek reg voor my. En swarte Piet. En Dagmar en Amelia. En Koos, vir ewig in Singapoer.

Mia en haar vriendin Heike het hoeka op skool ’n *sensory-deprivation*-eksperiment gedoen. Blind, sê sy, was die ergste. Want as jy nie kan sien nie, ken jy skielik nie meer jou wêreld nie. Loop jy jou letterlik en figuurlik in mure vas. Maar, en dit is die belangrikste, jy het musiek.

Langsaan speel iemand klavier en my blinde vriend sug. “Dis ‘Clair de Lune’.” Helder oordag.

Die helderste maan. So saam met die helderste man.

Terwyl ons so aangaan hoe die en daai lyk, hoe alles vervalle is, en onaansienlik, en verrot is, sien hy die beste.

Ek salueer jou, Bacchus Nel.

Want jy sién terwyl ons net kyk.

http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/ronel-nel-hoe-blinder-hoe-beter-siener-20160416

◆◆◆

Lied 188

O God, so ryk en goed,
gee ons solank ons lewe
altyd 'n blye hart;
as dit u wil is: vrede.
Laat u genade ons
beveilig teen gevaar,
in donker ure ons
van struikeling bewaar.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877